

Hoe gelowiges God dien (OP115)

Heb 13:1-6

5 Februarie 2023

Die afgelope twee keer het ons stil gestaan by Heb 12:18-29. In verse 18-24 het ons geleer dat toe die Hebreërs, en saam met hulle ook alle Nuwe Testamentiese gelowiges, tot geloof gekom het, het hulle nie by die berg Sinai aangekom nie, maar wel by Sionsberg. Hulle het nie toe die punt bereik waar hulle nog moes leer om ontsag vir God te hê en dat hulle 'n Middelaar nodig het nie, nee, hulle het by Sionsberg aangekom, die stad van die lewende God en die hemelse Jerusalem. Daarmee saam het hulle by God die Regter gekom, asook by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond. In verse 25-29 het ons geleer omdat hierdie gelowiges sulke groot voorregte mag beleef, het hulle ook groot verantwoordelikhede. Hulle moet God nie verontagsaam wanneer Hy met hulle praat vanuit die hemel nie – want dit kan beteken dat hulle die tweede dood sal sterf. Hulle moet ook onthou dat God nog een keer die hemel en die aarde gaan skud wanneer Jesus weer kom. Dit sal gepaardgaan met die koms van die nuwe hemel en aarde, asook met die heerlike waarheid dat hulle dan in heerlijkheid die volle realisering van God se onwankelbare koninkryk sal ontvang. Daarom moet gelowiges God nou alreeds dankbaar dien op 'n wyse wat vir Hom welgevallig is, met eerbiedige onderworpenheid en ontsag. Hierdie diens aan God met eerbied en ontsag is die doel waarna God besig is om te werk van die begin af. Aan die einde van die vorige preek het ek die vraag gevra as gelowiges God werklik met eerbied en ontsag dien, hoekom is voorspoedsgodsdiensof dan so gewild – waar God eerder in diens van die mens is, as andersom? Ek het ook gevra, as gelowiges God werklik met eerbied en ontsag dien, hoekom is daar soveel oppervlakkigheid in preke, liedere, gebede, eredienste en ander aktiwiteite in gemeentes?

Dit laat die vraag ontstaan: Maar hoe moet gelowiges God dan dien, sodat hulle eerbied en ontsag duidelik na vore kom? In Heb 13:1-6 gee die skrywer, onder leiding van die Heilige Gees, vir ons 'n paar praktiese maniere waarop hierdie eerbied en ontsag vir God na vore behoort te kom in die lewens van gelowiges. Hierdie 5 maniere is nie 'n volledige beskrywing van die gelowige se diens nie, maar dit gee baie insig in wat God verwag en wat vir Hom welgevallig is. Vanaf vers 7 word nog maniere aan ons voorgelê, waarna ons, as die Here wil, volgende keer sal kyk. En ander gedeeltes in die Nuwe Testament hanteer natuurlik steeds meer maniere. Maar kom ons fokus vandag op die 5 maniere in verse 1-6. Hierdie 5 maniere is: (1) Broederliefde (v1), (2) Gasvryheid teenoor vreemdelinge (v2), (3) Diens aan gevangenes (v3), (4) Huwelik, en (5) Tevredenheid of vergenoegdheid (v5-6). Ons kyk vervolgens kortliks na elkeen:

Broederliefde (Heb 13:1)

Vers 1 sê: “Die broederliefde moet bly!” In Heb 6:10 het ons al gelees: “God is immers nie onregverdig nie. Hy sal nie vergeet van julle arbeid, en van die liefde wat julle vir Sy Naam betoon het, deurdat julle die heiliges bedien het – en nog steeds bedien – nie.” Die feit van die saak is dus dat onderlinge liefde vir mekaar alreeds by die Hebreërs voorgekom het, en steeds voorkom. Daarom sê Heb 13:1 “Die broederliefde moet bly” – hulle moet steeds hierop bly fokus. Maar let ook op hoedat Heb 6:10 sê dat hierdie onderlinge diens in liefde voortvloei uit hulle liefde vir God se Naam. Dit is ook die vloei van die argument in Heb 12/13 – die gelowiges se groot voorregte wat hulle van God ontvang, bring groot verantwoordelikhede mee – hulle moet God dien met eerbied en ontsag. Een van die maniere waarop dit uitdrukking vind, is in die voortdurende beoefening van onderlinge broederliefde. Andrews herinner in sy kommentaar oor hierdie vers aan wat Johannes in sy eerste brief geskryf het: 1 Joh 3:14 “Ons weet dat ons uit die dood oorgegaan het na die lewe,

omdat ons ons broers liefhet. Wie nie liefhet nie, bly in die dood". Ook 1 Joh 4:12b: "As ons mekaar liefhet, bly God in ons, en het Sy liefde in ons tot vervulling gekom". Die punt wat Johannes maak, is dat broederliefde noodwendig volg wanneer gelowiges uit die dood na die lewe oorgegaan het. Dit is die bewys dat God in ons woon, en dat Sy liefde in ons tot vervulling gekom het. 1 Joh 3:23 sê: "En dit is Sy gebod: Dat ons in die Naam van Sy Seun, Jesus Christus, moet glo, en mekaar moet liefhê volgens die gebod wat Hy aan ons gegee het."

Die punt is dit: Gelowiges is mense wat uit die dood na die lewe oorgegaan het deurdat hulle glo in Jesus Christus. Gevolglik het hulle by Sionsberg aangekom, en by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond. Dit bring die verantwoordelikheid mee dat hulle God met ontsag moet dien. Een van die maniere waarop gelowiges dit doen, is deur te volhard in broederliefde. Trouens, die teenwoordigheid van broederliefde is vir die gelowige die bewys dat hy wel by Sionsberg aangekom het.

Gasvryheid teenoor vreemdelinge (Heb 13:2)

In die 2020 Afrikaanse vertaling sê vers 2: "Moenie versuim om gasvry te wees nie, want hierdeur het sommige, sonder dat hulle dit weet, engele as gaste ontvang". Die ESV vertaal dit met: "Do not neglect to show hospitality to strangers" – 'n spesifieke verwysing na gasvryheid teenoor vreemdelinge. Die meeste kommentare wat ek gebruik is dit ook eens dat die gasvryheid waarvan hier gepraat word juis verwys na gasvryheid teenoor persone wat nie deel van die gemeente is nie. Destyds was dit 'n uitdaging vir gelowiges om 'n heenkome te vind wanneer hulle op reis was. Die herberge waar reisigers sou kon gaan bly, was tipies baie basies en ongerieflik. Boonop het hierdie plekke dikwels maar 'n twyfelagtige reputasie gehad. Die oproep van die skrywer aan sy lesers is dat wanneer medegelowiges op reis is, moet gelowiges bereid wees om hulle gasvry in hulle huise te ontvang. Natuurlik moet gelowiges ook gasvry wees teenoor medegelowiges wat deel van die gemeente is, maar dit moet verder gaan: hulle moet selfs gasvry wees teenoor medegelowiges wat hulle nie ken nie.

Kan ek jou herinner aan Mat 25:31 en verder – dit is daardie deel van Jesus se profetiese rede wat handel oor die skeiding tussen die skape en die bokke tydens die finale oordeel. As die Seun van die Mens aan die skape sê "Julle, geseëndes van My Vader, kom beërf die koninkryk", is een van die redes wat Hy aanvoer waarom hulle die koninkryk mag beërf, omdat hulle Hom toe Hy 'n vreemdeling was, as gas verwelkom het (Mat 25:31). As hulle dan verbaas vra wanneer het hulle Hom as vreemdeling gesien en as gas verwelkom, is Sy antwoord "Wat julle ook al vir een van hierdie geringste broers van My gedoen het, het julle vir My gedoen". Sien jy, hier is dit weer: Jesus oordeel dat diens aan Hom kom na vore deur diens en gasvryheid aan vreemdelinge.

Om gasvry te wees, stel eise aan die persoon wat die gasvryheid betoon: Daar kan koste aan verbonde wees byvoorbeeld deur aan die gaste kos te voorsien. Dit beteken daar gaan inbreuk gemaak word op jou privaatheid, deurdat jy die gaste in jou huis laat kom. Dit kan ongemaklik wees weens 'n gebrek aan ruimte. Dit gaan definitief van jou tyd in beslag neem. Alhoewel dit alles waar mag wees, is die oproep steeds dat gelowiges nie moet versuim om gasvry te wees nie.

Daar mag egter ook voordeel in wees indien jy gasvry is. Vers 2 voeg by dat sommige, deur hulle gasvryheid, onwetend engele gehuisves het. Dit is heelwaarskynlik 'n verwysing na Gen 18 en 19. In Gen 18 het drie mans onverwags by Abraham aangekom. Op verskeie plekke in Gen 18 word die mans beskryf as die Here. Abraham het hulle gasvry ontvang, en die gevolg was dat die Here opnuut aan Abraham die belofte van 'n seun bevestig het. Boonop het Abraham die geleentheid gehad om by die Here te pleit vir die bewaring van selfs net 'n handjievol gelowiges in Sodom en Gomorra

wanneer die Here hulle gaan vernietig. Daar was dus voordeel in vir Abraham toe hy hulle gasvry ontvang het. In Gen 19 gaan twee van hierdie mans, wat nou engele genoem word, na Lot in Sodom. Lot ontvang hulle ook gasvry deurdat hy by hulle aandring dat hulle by hom in sy huis moet kom oorbly. Dit het tot gevolg dat Lot en sy dogters gered is toe die Here Sodom verwoes het. Daar was vir Lot dus ook voordeel in toe hy hulle gasvry ontvang het. Nou, kommentatore is dit eens, dat ons nie noodwendig hoef te verwag om engele te huisves deur ons gasvryheid nie (alhoewel dit nie per definisie uitgesluit is nie). Die punt is eerder dat daar voordeel en seën in mag wees as jy onbekende gelowiges in jou huis inbring. Dit kan wees dat so 'n besoeker 'n besondere begaafde persoon in diens van die Here is, waaruit jy besondere voordeel mag trek deur jou interaksie met so 'n persoon wanneer jy gasvry is teenoor hom.

Dit is werklik tragies as jy hoor hoe dikwels mense wat op soek is na 'n gemeente getuig hoe hulle geen gasvryheid ervaar wanneer hulle as vreemdelinge gemeentes besoek nie. Dit laat 'n ernstige vraag ontstaan of die persone in daardie gemeente wel God werklik met eerbied en ontsag dien, omdat hulle by Sionsberg aangekom het. Is jy gasvry? Laat jy medegelowiges toe in jou huis? Selfs gelowiges wat jy nie ken nie?

Diens aan gevangenes (Heb 13:3)

Heb 13:1 het verwys na broederliefde in die gemeente. Heb 13:2 het verwys na gasvryheid selfs teenoor vreemdeling van buite die gemeente. Heb 13:3 verwys nou na diens teenoor gelowiges wat selfs nie die gemeente kan besoek nie – want hulle is in die gevangenis of hulle word mishandel. Lees Heb 13:3.

Weereens was hierdie nie 'n saak waarmee die Hebreërs onbekend was nie. In Heb 10:33-34a lees ons: “Aan die een kant is julle deur beledigings en deur verdrukking openlik bespotlik gemaak; aan die ander kant het julle julle vereenselwig met dié wat so behandel word. Ook het julle met die gevangenes medelye gehad”. Hierdie gevangenes was waarskynlik juis in die tronk as gevolg van hulle geloof. Die punt is die Hebreërs het met hulle medelye gehad. In Heb 13:3 word hulle medelye duidelik uit die feit dat hulle aan hierdie gevangenes dink asof hulle dit self aan hulle liggaam beleef. Ja, dit is so, die Hebreërs was nie op hierdie stadium self in die tronk nie. Maar dit beteken nie dat hulle gevrywaar is daarvan dat dit nie dalk in die toekoms met hulle ook mag gebeur nie. Wie weet of daar nie later 'n tyd gaan kom dat hulle self ook in die tronk sal beland nie? Die oproep is dat hulle terwyl hulle nie in die tronk is nie, met medelye moet dink aan die wat wel daar is. Hierdie gevangenes het nie die vermoë om die gemeente te besoek nie, maar dit beteken nie die gemeente het nie 'n verantwoordelikheid teenoor hulle nie.

Hoe lyk dit as die gelowiges aan hierdie gevangenes met medelye dink? In Hand 12:5 lees ons dat toe Petrus in die tronk was, het die gemeente volgehou om vir hom te bid. As ons teruggaan na Jesus se profetiese rede in Matt 25:36 is die boodskap van die Seun van die Mens aan die skape dat hulle Hom, of dan een van die geringste broers, besoek het in die tronk. As Paulus sy brief aan die Filippense skryf is hy self in die tronk. In Fil 4:18 skryf hy: “Ek is ten volle vergoed en het meer as genoeg; ek is ten volle versorg, noudat ek van Epafroditos ontvang het wat van julle afkom: 'n geurige offer, 'n aanneemlike offergawe wat God behaag”. Paulus was volkome versorg deur dit wat die Filippense vir hom gestuur het deur Epafroditos. Sien jy dit? Die offergawe wat hulle vir Paulus gestuur het, was 'n aanneemlike offergawe wat God behaag het. Hoe dien jy God op 'n welgevallige manier? Onder andere deur gevangenes te versorg.

Is ons diens aan gevangenes beperk tot gevangenes wat in die tronk is weens hulle vervolging a.g.v. hulle geloof? Ek dink nie so nie. Dit is heelwaarskynlik so dat die gevangenes waarvan Heb 10:34

praat, wel in die tronk was a.g.v. van hulle geloof. Maar in Mat 25 maak Jesus nie daardie onderskeid nie. Die feit van die saak is dat daar in die tronke talle gelowiges is wat iewers 'n onbesonne daad in swakheid gepleeg het, en wat nou die gevolge van hulle daad dra deur tronkstraf uit te dien. Maar dit beteken nie hulle is nie gelowiges nie. Verskeie van hulle het al erken dat hulle gesondig het en vrede maak met hulle verdiende straf – maar wie gaan na hulle geestelike behoeftes omsien as dit nie medegelowiges is nie? Hulle sal vir hierdie persone moet bid, hulle gaan besoek en help om hulle te versorg. En dan praat ons nie eens van die geleentheid vir evangelisasie werk onder persone wat vasgevang is in die tronke en worstel met die gevolge van hulle sondige lewe nie.

Ontferm jy of jou gemeente julle ooit oor gevangenes? Bid julle ooit vir persone wat a.g.v. hulle geloof in die gevangenis is – plaaslik of in ander lande waar vervolging 'n realiteit is? Besoek julle ooit persone in die gevangenis? Ontferm julle julle ooit oor die geestelike en fisiese behoeftes van hierdie persone? Jesus oordeel dit is iets wat tipies by 'n skaap hoort, dit is deel van welgevallige diens aan God.

Huwelik (Heb 13:4)

Tot dusver het ons gesien dat diens aan God na vore kom in onderlinge broederliefde tussen gelowiges, dit kom na vore in liefde wat geopenbaar word in gasvryheid teenoor selfs vreemdelinge, dit kom ook na vore wanneer gelowiges in liefde uitreik na persone wat nie by die gemeente kan uitkom nie omdat hulle in die gevangenis is. Vervolgens kom ons in Heb 13:4 by daardie instelling waar liefde tussen twee mense 'n klimaks bereik – die huwelik. Lees Heb 13:4.

Die huwelik is natuurlik 'n instelling wat deur God self ingestel is. God het dit al ingestel met die skeppingsgebeure. Gen 1:27 sê God het die mens geskep na Sy beeld, manlik en vroulik het Hy hulle geskep. En dan voeg vers 28 by wat God se doel hiermee was: “Wees vrugbaar, vermeerder, vul die aarde en onderwerp dit.” Gen 2:24 leer boonop dat ‘n man sy ouers sal verlaat en hom aan sy vrou verbind. Hoor jy dit? ‘n Man en sy vrou – nie 'n man met baie vrouens nie, nie 'n vrou met baie mans nie, nie mans met mans nie, nie vrouens met vrouens nie – ‘n man en sy vrou. Dit is juis deur die huwelik tussen 'n man en sy vrou dat God die aarde wil vul met mense. Die huwelik word ook in die Nuwe Testament uitgebeeld as 'n tipe van die verhouding tussen Christus en die kerk – soos wat Christus nooit die kerk sal verlaat nie, behoort 'n man nooit sy vrou te verlaat nie.

Deur die loop van die eeue is hierdie skeppingsinstelling van God egter nie gerespekteer nie. Gaan lees maar weer in Gen 19 wat in Sodom gebeur het. Of dink dat selfs iemand soos Dawid hom skuldig gemaak het aan owerspel. Of dink aan Rom 1:26-27 wat sê: “Daarom het God hulle oorgegee aan oneerbare drange, want hulle vroue het die natuurlike seksuele omgang verruil vir omgang wat teen die natuur is. Net so het ook die mans die natuurlike seksuele omgang met die vrou laat vaar en vurig begin brand na begeerte vir mekaar; mans het met mans skandelikheid bedryf en in hulleself die verdiende loon vir hulle afwyking ontvang”. Of dink aan 1 Kor 5:1 waar Paulus sê dat daar in die Korintiër gemeente onsedelikheid en seksuele losbandigheid voorgekom het wat selfs nie onder heidene geduld word nie.

En die situasie in ons dag is nie anders nie. Owerspel en egskedings is aan die orde van die dag. Seksuele verhoudings buite die huwelik is eerder die norm as die uitsondering. Homoseksuele verhoudings word in die samelewing genormaliseer en enigeen wat hom daarteen uitspreek, diskrimineer. En selfs binne kerke word dit geregverdig. Ek het onlangs na 'n Presbiteriaanse gemeente in Amerika gekyk wat ons wou besoek terwyl ons daar was. Op hulle webwerf beskryf hulle wat hulle glo. Ek haal selektief aan: “*We observe from the life of Jesus that He continually reached out to people who had been ignored, rejected, or cast out.... Based on what we have learned*

from Jesus' teachings, First Presbyterian Church of Plattsburgh welcomes and celebrates full, complete, and unlimited participation from anyone who seeks to follow the way of Jesus Christ, regardless of race, socio-economic status, sexual orientation, gender identity, or gender expression (commonly abbreviated as "LGBTQ+")." Natuurlik kan iemand wat skuldig is aan seksuele vergrype, 'n gelowige word, en deel word van 'n gemeente. Maar dan moet daar bekering en berou wees van hierdie vergrype wat teen God se instelling van die huwelik is.

Omdat daar soveel vergrype is aan die huwelik soos wat God dit ingestel het, het sommiges al geredeneer miskien moet gelowiges dan liever nie trou nie, en hulle gevolglik ook heeltemal onthou van seksuele dade. Maar dit verwaarloos die feit dat God 'n doel met die huwelik het: dit is juis deur die huwelik dat die mensdom moet groei, en uit hierdie mensdom red God mense om deel te word van Sy koninkryk.

Dit is hier wat Heb 13:4 so 'n gebalanseerde siening oor die huwelik gee. Let op vers 4 sê twee dinge: Eerstens sê die vers die huwelik moet eerbaar gehou word. Die instelling van die huwelik moet dus behou word, en dit moet eerbaar gehou word. Dit kan nie net afgeskaf word nie. Natuurlik word dit eerbaar gehou as dit gehou word op die manier waarop God dit ingestel het: 'n man met sy vrou wat een word. Tweedens sê die vers die huweliksbed moet onbesoedeld wees. Die huweliksbed verwys spesifiek na die seksuele element van die huwelik. Seks is 'n wonderlike gawe wat God aan die mensdom gegee het om binne die huwelik te geniet. Dit is waar dit hoort, en net daar – daar tussen 'n man en sy vrou. Dan is dit onbesoedeld. As iemand hiervan afwyk, soos hoereerders en egbrekers, kan hulle niks minder as God se oordeel verwag nie. Soos 1 Kor 6:9b-10 sê: "Geen hoereerders of afgodediaars of egbrekers of manlike prostitute of mans wat met mans intiem verkeer, of diewe, geldgieriges, dronkaards, kwaadpratere of rowers, sal die koninkryk van God as erfdeel ontvang nie". Dit is tog duidelik: as onbekeerde homoseksuele in die kerk toegelaat word, moet onbekeerde dronkaards of diewe of rowers ook toegelaat word. Nee, die pad wat iemand wat loop wat hom skuldig gemaak het aan enige van hierdie praktyke, is die pad wat 1 Kor 6:11 beskryf: "So was sommige van julle ook, maar julle het julle laat was, julle is geheilig, en julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God."

Hier is baie en dringende werk nodig vir die kerk en gelowiges: Ons moet seker maak ons hou die huwelik in alle opsigte eerbaar, en ons moet waak dat ons die huweliksbed onbesoedeld hou. Dit is wat vir God welgevallig is.

Tevredenheid of vergenoegdheid (Heb 13:5-6)

Lees Heb 13:5-6. Die opdrag in hierdie verse is dat ons nie geldgierig moet wees nie – dit is negatief gestel. Positief gestel moet ons tevrede wees met wat ons het, oftewel ons moet vergenoegd wees met wat ons het. Dit handel m.a.w. oor ons verhouding tot ons besittings.

Tot dusver het die Hebreërskrywer in die vorige 4 verse verwys na verhoudings tussen ons en ander mense: daar was die onderlinge broederliefde tussen gelowiges, die gasvryheid teenoor onbekendes, die besorgdheid oor gevangenes en die liefde in die huwelik wat eerbaar en onbesoedeld gehou moet word. Nou praat die skrywer oor die verhouding tussen gelowiges en hulle goed – hulle met tevrede wees met wat hulle het, en nie geldgierig wees nie. Dit is natuurlik 'n verwysing na die 10de gebod: Jy mag nie begeer nie (Eks 20:17). Maar let op na die bewoording van die 10de gebod: "Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie. Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, ook nie sy slawe en slavinne nie, sy beeste en donkies nie – enigiets wat aan jou naaste behoort nie." Die punt om raak te sien is dat as ons iets begeer wat ons nie het nie, begeer ons iets wat aan iemand anders behoort. Geldgierigheid of onvergenoegdheid sê dus baie oor my verhouding met my

besittings, maar dit strek verder: dit sê ook baie oor my verhouding met en gebrek aan liefde vir my naaste. Dit strek selfs nog verder as dit: Ef 5:5 sê: “Want dit moet julle goed begryp: Geen hoereerder of onreine of gierigaard – so iemand is ‘n afgodedienaar – het ‘n erfdeel aan die koninkryk van Christus en van God nie”. Hierdie vers sê gierigaards, soos hoereerders (waaroor vers 4 handel het), is afgodedienaars. Hulle dien afgode, hulle dien hulle begeerte na besittings, eerder as om God te dien.

Dit is hoekom vers 5 byvoeg: “Wees tevrede met wat julle het, want Hy (God) het gesê ‘Ek sal jou beslis nie verlaat nie, en ook nie in die steek laat nie’”. Hierdie is ‘n aanhaling uit twee plekke in die Ou Testament. In Deut 31:6 bemoedig Moses die volk as hulle op die punt staan om die beloofde land in te neem en sê: “Wees dapper en sterk; moenie bang wees nie en moenie vir hulle skrik nie, want die Here jou God, Hy is die Een wat saam met jou gaan; Hy sal jou nie in die steek laat en jou nie verlaat nie.” In Jos 1:5 praat die Here met Josua as hulle op die punt staan om die land in te neem en sê: “Solank jy leef, sal niemand voor jou kan stand hou nie. Soos Ek by Moses was, sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat en jou nie verlaat nie.” Die Here het welgevalle gehad daarin dat die volk en Josua Hom moes vertrou, dat hulle oortuig moes wees dat Hy hulle nie in die steek sal laat nie. Kom ons keer terug na Heb 13:5. Die probleem met gierigheid is dat jy nie die Here vertrou om vir jou te sorg nie – nee, jy vertrou eerder jou fisiese rykdom – en dit is afgodery, sê Ef 5:5. Vers 6 in Heb 13 bou hierop voort met ‘n aanhaling uit Ps 118:14: “sodat ons met vertroue kan sê: ‘Die Here is vir my ‘n Helper – ek sal nie bang wees nie. Wat sal ‘n mens aan my doen?’” In Mat 6:31-33 het Jesus geleer: “Moet julle daarom nie bekommer en vra, ‘Wat sal ons eet?’ of ‘Wat sal ons drink?’ of ‘Wat sal ons aantrek?’ nie. Dit is immers alles dinge waarna die heidennasies soek. Julle hemelse Vader weet tog wat julle alles nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.”

Gierigheid wys na ‘n ongesonde verhouding met besittings, dit wys egter ook na ‘n gebrek aan liefde vir die naaste, maar ten diepste wys dit na ‘n gebrek aan vertroue in God. Daarom is gierigheid nie welgevallige diens aan God met eerbied en ontsag nie.

Samevatting

In Heb 12:28 het die Hebreërskrywer sy lesers en ons as gelowiges opgeroep dat die enigste logiese respons op al die heerlike waarhede waarin gelowiges mag deel, is om God te dien. Hierdie diens aan God moet in dankbaarheid plaasvind, op ‘n wyse wat vir God welgevallig is, met eerbied en ontsag. In Heb 13:1-6 wys die skrywer vir ons op ‘n aantal praktiese maniere waarop ons God te behoort dien. Met die eerste oogopslag lyk die 5 maniere wat in verse 1-6 beskryf word, of dit eerder fokus op diens aan ons naaste of ons verhouding met ons besittings – maar ten diepste is dit praktiese maniere waarop ons God op ‘n welgevallige manier dien en wat spreek van ons eerbied en respek vir Hom.

- In vers 1 sê die skrywer die broederliefde moet bly. Ja, dit handel oor liefde tot medegelowiges, maar in Heb 6:10 het hy ook al gesê hierdie onderlinge diens in liefde vloei voort uit hulle liefde vir God se Naam. God het welgevalle daarin dat hulle liefde vir Hom oorgaan in broederliefde vir mekaar.
- In vers 2 word ons opgeroep tot gasvryheid teenoor vreemdelinge. Ja, dit handel oor my optrede teenoor mense wat ek nie ken nie. Maar in Mat 25:31 sê Jesus dat as ons op hierdie manier selfs die geringste broer ontvang, ontvang ons Hom. Dit is diens aan God.
- In vers 3 word ons opgeroep om ons te ontferm oor gevangenes. Ja, dit handel oor my optrede teenoor mense, veral gelowiges, wat in die tronk is, a.g.v. vervolging, maar dit kan

ook wees weens hulle eie sondige optrede. Maar in Mat 25:36 sê Jesus dat as ons ons oor selfs die geringste broer in die tronk ontferm, doen ons dit vir Hom. Dit is diens aan God.

- In vers 4 word ons opgeroep dat ons die huwelik eerbaar en die huweliksbed onbesoedeld moet hou. Ja, dit handel oor my verhouding met my huweliksmaat. Maar, as ek die huwelik eerbaar hou en die huweliksbed onbesoedeld, eerbiedig ek God, omdat Hy die huwelik ingestel het met 'n doel – en ek eerbiedig hierdie instelling en werk mee om daardie doel te bereik. Dit is diens aan God.
- In vers 5-6 word ons opgeroep om nie geldgierig te wees nie, maar tevrede met wat ons het. Ja, dit handel oor my verhouding teenoor my besittings. Maar dit handel ook oor my verhouding met my naaste, en ten diepste oor my verhouding met God: Ek moet Hom alleen vertrou om aan al my behoeftes te voorsien. Dit is diens aan God.

Mag die Here ons help om hierdie maniere te gebruik om Hom in dankbaarheid met eerbied en ontsag te dien.